**Vrydag 28 Oktober**

**Skrifgedeelte: Job 8 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Job 8:21**

## ’n Vreugdevolle toekoms

’n Vreugdevolle toekoms … dit is sekerlik ’n wens in die hart van baie mense – vir hulleself en vir hulle dierbares. Sou jy dit nie ook graag wil beleef nie? Daar is immers so baie swaarkry en hartseer in die lewe.

Bildad sê in Job 8:21 dat dit nie net moontlik is nie, maar ook *hoe* dit jou deel kan word. Bildad is een van Job se vriende wat hom kom besoek het om hom by te staan en in sy ellende te ondersteun.

Een van die eerste vrae wat gewoonlik ná ’n tragedie soos wat Job oorgekom het, is: Waarom? Bildad het in sy eerste deelname aan die gesprek tussen Job en sy vriende ’n verduideliking gereed gehad: As ’n mens sondig, word jy gestraf. ’n Goddelose mens wat God vergeet, vergaan soos ’n papirusplant wat geen water kry nie. Vir Bildad is dit duidelik dat Job gesondig het, daarom tref al die ellende hom. Terloops: die Here het later in die boek Job duidelik gesê dat hierdie redenasie nie sonder meer korrek is nie!

Bildad sluit in ons teks darem op ’n positiewe noot af met die versekering dat iemand wat opreg voor God leef, vreugde sal ervaar. “God verwerp nooit die opregte nie …” (vs 20). God gee weer rede om bly te wees, Hy sal jou weer die lewe laat geniet.

As jy dus ’n vreugdevolle toekoms wil beleef, leef naby die Here, glo in Hom wat jou sondes om Christus wil vergewe, en geniet dankbaar sy genade en seëninge.

*Sing: Psalm 146:8 (1936)*

*Ds. Arnold H Mulder (Emeritus)*